AFRIKAANS

# BASIESE BYBELSTUDIES

## vir Jong Christene

---

**Bybeltekse vir Memorisering**

**Naam** ______________________________

**Datum van Bekering** ______________________

**Raadgewer** ____________________ **Telefoon** __________

REV. CHARLES SHAVER
4305 W. 63RD ST.
PRAIRIE VILLAGE, KS. 66208

## INSTRUKSIES

1. Hierdie koevert bevat die blaaitjies wat u stap vir stap gedurende die volgende paar weke sal invul.

2. Op elke blaaitjie is 'n kaartjie met 'n Bybelteks wat gememoriseer moet word. Sny dit uit en dra dit in u beursie of handsak; plak dit teen die spieël vas; gebruik dit as 'n merker in u Bybel; hou dit in u hempsak—enige plek sodat u dit maklik kan memoriseer.

3. Wanneer u 'n blaaitjie klaar ingevul het, kan u dit in die koevert bêre en die kaartjie kan in die gleuf wat vir dié doel aangebring is, geskuif word.

Opgestel deur
**Charles "Chic" Shaver**

Vry Vertaal en verwerk deur
**Die Literatuurkommissie**
**Posbus 48,**
**FLORIDA**
**TVL.**

Shirleypers, Florida, Tvl.

*Kopiereg voorbehou*

Naam: ______________________________

Adres: ______________________________

Datum van Bekering: ______________________

## Vorderingsverslag:


| Voukaart Nr: | Datum uitgedeel: | Opmerkings: |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## AANWYSINGS

1. Die agt blaaitjies hierbinne moet een vir een aan die bekeerling gegee word, met beplande tussenposes (twee dae tussen # 1 en # 2 en daarna weekliks).
2. Die koevert moet saam met die eerste blaaitjie aan die bekeerling gegee word sodat hy die voltooide blaaitjies en Bybeltekskaartjies daarin kan hou.
3. Die vorige blaaitjie moet bespreek word met die uitdeling van die volgende blaaitjie. 'n Kontrolering van die ingevulde vrae sal die gebiede uitwys waarin spesiale onderrig of leiding benodig word.
4. Skryf aan die bekeerling voor om die Bybeltekste op elke blaaitjie, soos aangedui, uit te knip en dit te memoriseer.

**Let Wel:** U word aangeraai om nie die hele pak blaaitjies gelyktydig uit te deel nie. Dit mag die pas bekeerde oorweldig. 'n Weeklikse uitdeling sal ook gereelde persoonlike ontmoetings verseker.

1



## WAT HET MET MY GEBEUR?

*Bybelteks vir memorisering:* Openbaring 3:20.

Naam: ______________________________

Soek die antwoorde op die volgende vrae in u Bybel of Nuwe Testament. As daar Johannes 1:12 staan, word die Evangelie volgens Johannes, Hoofstuk 1, vers 12 bedoel. (Die register voor in u Bybel of Nuwe Testament sal die bladsy aangee). Lees die antwoord in die Bybel, en skryf dit dan in u eie woorde neer. Die tekste uit die Ou Testament word in hierdie studie volledig aangehaal, vir ingeval u net 'n Nuwe Testament besit.

1. Toe ek Christus se persoonlike uitnodiging aangeneem het, het ek __________ van God geword. (Johannes 1:12)
2. Die koms van Christus in die lewe of hart van die indiwidu is 'n persoonlike saak tussen Christus en die een wat Hom ontvang, en word deur Christus in Openbaring 3:20 beskrywe.
   *a.* Wie klop aan die deur? (Lees Openbaring 1:1 vir verdere identifisering) ______________________
   *b.* Wie mag Sy stem en klop beantwoord? ______________
   ______________________________
   *c.* Wat wil Hy hê moet ek doen? ______________
   ______________________________

*d.* Wat sal Hy doen as ek die deur oopmaak? ___________

______________________________________________

*e.* Hoe kan ek die deur oopmaak? (Openbaring 3:19)

______________________________________________

*f.* Het u die deur oopgemaak? ___________________

*g.* Waar is Jesus Christus op hierdie oomblik? ___________

______________________________________________

3. Die rede waarom Christus gekom het om te soek en te red is omdat ons ________________ was (Lukas 19:10)

4. Wat was die oorsaak van ons verlore toestand volgens Romeine 3:23? ______________________

5. Wat is, volgens die Bybel, die loon van die sonde? (Rom. 6:23) ______________________________

6. Wie het alreeds geboet vir my sondes? In Jesaja 53:6 staan: „Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom". (Lees ook Romeine 5:8-9).

______________________________________________

7. Wat het God gedoen toe ek my sondes bely het? (1 Johannes 1:9) Moenie 1 Johannes (een van Johannes se briewe), naby die einde van die Nuwe Testament, verwar met die Evangelie volgens Johannes nie. ___________________

______________________________________________

8. Wat moet ek doen omtrent die sondes wat ek alreeds bely het en waaroor ek opreg jammer is? In Jesaja 55:7 staan: „Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes, en laat hy hom tot die Heer bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef

menigvuldiglik".

Onderstreep die gedeeltes wat sê wat u met u sondes moet doen.

9. Volgens Efesiërs 2:8-9 is die enigste manier om gered te word deur: (merk die regte antwoord)

____________ a. goeie werke te doen.

____________ b. self te probeer doen wat reg is.

____________ c. God se vergifnis deur die geloof aan te neem.

10. Maar nadat ons gered en nuwe mense in Christus is, is God se doel met ons dat ______________________________

______________________________________ (Ef. 2:10)

11. Wie leer ons deur Jesus Christus ken? (Joh. 14:6-9)

______________________________________________

12. (Onderstreep die regte woord) In 1 Johannes 5:13 staan : „sodat julle kan weet/dink/hoop dat julle die ewige lewe het."

13. Waarheen gaan ek as ek vannag sou sterwe? (Johannes 6:45-47) ______________________________________

______________________________________________

14. Vertel kortliks hoe u weet dat u 'n kind van God is

______________________________________________

______________________________________________

15. Noudat ek wedergebore en 'n kind van God is (Johannes 3:37), het ek geestelike voedsel nodig om te lewe en te groei. Watter geestelike voedselsoort het ek nodig? (Matthéüs 4:4) ______________________________

*a. Lees daagliks jou Bybel.*; Dit is die eerste geestelike voedselsoort. Begin om die Evangelie van Johannes stelselmatig, een hoofstuk per dag, deur te lees. Elkeen van hierdie Bybelstudies bevat sowel vrae oor die boek van Johannes, as oor ander boeke. Dra die betrokke teksvers elke dag in u sak en leer dit van buite. Daar is nog vier ander maniere om geestelik te groei.

*b. Bid elke dag.* Praat openhartig met God.

*c. Woon waar moontlik alle kerkdienste en -verrigtinge by* 'n Kerk waar die Bybel as grondslag dien en waar Jesus Christus vereer word.

*d. Wees gehoorsaam aan God.* As u nie weet of 'n sekere handeling reg of verkeerd is nie, vra uself die volgende af: „Wat sou Jesus doen?"

*e. Getuig:* Vertel aan iemand anders wat die Here vir u gedoen het.

Nou verstaan u beter „wat met my gebeur het". En tog is dit maar net die begin van u grootste avontuur.

*Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My.* (Openbaring 3:20).



# 2

## ’N WANDELING MET GOD.

*Teksvers vir Memorisering:* 1 Korinthiërs 10:13

Naam: ______________________________

Nadat ’n kind gebore is, moet hy begin groei. ’n Belangrike stap in hierdie proses is dat hy moet leer loop. Dit is ook geestelik die geval. Die kind van God (gebore uit God) leer om met God te wandel. ’n Beskrywing van die Christen se lewe as ’n „wandeling met God”, wys dat die Christelike lewe ’n verhouding („met God”) is, wat beweeg en nie stilstaan nie („wandel”), en dat dit ’n redelike groei is – treetjie vir treetjie („wandel”). Miga, die profeet, het die behoefte om „ootmoedig te wandel met jou God” (6:8) as een van die mens se mees basiese behoeftes bestempel.

1. Noudat u begin het om die Evangelie van Johannes deur te lees, het u waarskynlik ’n hele paar uitdrukkings teëgekom wat dieselfde beteken as „’n wandeling met God.” Noem ’n paar.

   *a.* Johannes 8:12 ______________________________

   *b.* Johannes 1:37 ______________________________

   *c.* Johannes 2:5 ______________________________

   *d.* Johannes 5:14 ______________________________

2. Wie staan ons wandeling met God teen? (1 Petrus 5:8)

________________________________________

3. Wat het die duiwel in Mattheüs 4:1 gedoen? __________

________________________________________

4. Het Jesus toegegee aan die versoeking? (Hebreërs 4:15)

________ Is versoeking en sonde dieselfde ding? __________

(Versoeking sê, „Wil jy?" Sonde sê, „Ek wil")

5. Wat behoort ons te doen wanneer die duiwel ons aanval? (Jakobus 4:7) ______________________________

________________________________________

________________________________________

6. In u eie woorde: Wat is sonde? (Lees 1 Johannes 3:4 en Jakobus 4:17) ______________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

7. In Jesaja 59:2 staan daar: „Maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie." Die enigste ding wat my van God kan skei is __________

________________________________________ .

8. Kan 'n Christen, deur die krag van God, homself daarvan weerhou om opsetlik te sondig? (1 Johannes 3:9) ________

________________________________________

9. Wat is God se belofte aan ons wanneer ons versoek of beproef word? (1 Korinthiërs 10:13). Hy sal/sal nie (trek 'n kring om die regte woorde) dit vir ons moontlik maak om die versoeking te weerstaan of verdra.

10. Wat is die doel van Johannes se skrywe, soos in 1 Johannes 2:1 aangegee? ______________________

______________________

______________________

11. As 'n Christen egter wel sondig, behoort hy volgens 1 Johannes 2:1 (merk die korrekte antwoord)

________ *(a)* te sê hy kon nie anders as om te sondig nie.

________ *(b)* sy sonde te bedek en voor te gee dit het nie gebeur nie.

________ *(c)* dadelik na Jesus te gaan, sy sonde te bely, en aan te gaan om vir God te lewe.

________ *(d)* tou op te gooi en te sê dit help nie om God te probeer dien nie.

12. As 'n Christen gesondig en sy sonde bely het, wat sal God doen? (1 Johannes 1:9) ______________________

13. Om God se gebooie te ken en te bewaar, bewys volgens Johannes 14:21 dat ______________________________

14. Lees Johannes 10:27-29 en beantwoord die volgende vrae:

a. Wie het die ewige lewe en word deur God se krag gehou?

______________________________________________


b. Om Sy skaap te wees (vers 27) moet ek Christus se stem hoor, deur Hom geken wees, en ________________

______________________________________________

Hierin is wyse en noodsaaklike raad opgelsuit: „Wandel met God!" Dit beteken om versoeking te weerstaan, God te gehoorsaam, Jesus te volg. Verdere rigsnoere vir 'n suksesvolle lewe en groei word in die volgende studie gevind.

*Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.* (I Korinthiërs 10:13).

# 3



## OM VAN GOD TE LEER

*Teks vir Memorisering:* Psalm 119:11

Naam: ______________________________

As 'n mens uitvind dat God se planne vir die wêreld, en vir u persoonlik, in 'n boek neergeskryf is, wat sou daardie boek vir u werd wees? As God se belofte aan u, en Sy verwagtinge van u, in 'n boek neergeskryf was en u het daardie boek besit, sou u baie tyd bestee het om dit le lees? Gedurende die volgende paar minute gaan u waarskynlik 'n verbasende ontdekking doen.

1. Wat sê Johannes 17:17 omtrent die Word van God?

   ______________________________

2. Deur Wie is die Skrif vir ons gegee sodat ons verseker kan wees dat dit die waarheid is? (II Timotheüs 3:16)

   ______________________________

   ______________________________

3. Wat sal God se Woord (boodskap of gebooie) vir ons doen volgens:

   *a.* II Timotheüs 3:15? ______________________________

   *b.* Johannes 15:3? ______________________________

   *c.* Handelinge 20:32? ______________________________

4. Het u die leringe aangaande die belangrikheid van die Woord opgemerk terwyl u die Evangelie van Johannes gelees het?

*a.* Wat het Christus met die Woord (gebod) van sy Vader gedoen? (Johannes 8:55) ______________________

______________________________________________

*b.* Watter plek het die Woord van God in die lewens van sommige mense? (Johannes 8:37) ________________

______________________________________________

*c.* As ons „uit God" is of aan God behoort, wat sal ons omtrent sy Woord doen? (Johannes 8:47) ________

______________________________________________

*d.* Wat sal 'n ware dissipel van Christus met Sy Woord (openbaring of lering) doen? (Johannes 8:31)_______

______________________________________________

*e.* Wat moet ons met die Woord doen om die geestelike en ewige lewe te behou? (Johannes 8:51)______________

______________________________________________

______________________________________________

5. Wat sal ek doen as ek Christus liefhet? (Johannes 14:23)

______________________________________________

6. Na watter Persoon rig die geskrewe Woord my ________

______________________ sodat ek wat kan ontvang ?

________________________________(Johannes 20:31)

7. Die duiwel sal ons probeer verlei, maar God het aan ons 'n wapen gegee waarmee ons die duiwel kan verslaan. Dit is die „swaard van die Gees", wat ______________________

______________________________ (Efésiërs 6:17)

8. Hoe het Jesus die duiwel in Matthéüs 4:4, 7, 10 weerstaan?

______________________________

9. Wat kan ek met God se Woord doen om te verhoed dat ek teen Hom sondig, volgens Psalm 119:11? „Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie."

______________________________

10. Watter waarheid uit die Woord van God het onlangs spesiale betekenis vir u gehad? ______________________

______________________________


11. Waarom behoort 'n Christen elke dag die Bybel te bestudeer? ______________________

______________________________

Behalwe dat u van God kan leer, het u boonop nog 'n ander voorreg as kind van God. Dit word in die volgende studie bespreek.

*Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.* (Psalm 19.11)

## 4



# IN GESPREK MET GOD

*Bybelteks vir Memorisering:* Johannes 16:24.

Naam: ______________________________

Aangesien ons besig is met die Almagtige God, is dit nie te veel van ons verwag dat ons die beste oomblikke van elke dag aan Hom afstaan nie. (Vir meeste van ons sal dit vroeg in die oggend wees) Watter tyd ookal, in 'n afgesonderde plek praat ek met Hom en Hy met my. Die Psalmskrywer het dit op die volgende manier gestel: „In die môre, Here, sal U my stem hoor: in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag" (Psalm 5:4) Kom ons kyk watter verdere raad die Bybel aan ons gee oor die avontuur van gebed.

1. Het Jesus daarin geglo om persoonlik en privaat tot Sy Vader te bid? (Markus 1:35) ______________

2. Hoe moet ek bid? (Lukas 18:1) ______________

3. Met watter gesindheid moet elke keer gebid word? (1 Thessalonicense 5:17-18) ______________

4. Wat is een van die vernaamste oorsake van onbeantwoorde gebed? „As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie." (Psalm 66:18) ________

   ______________________________________

5. Wat moet bepaal waarvoor ons moet bid? (1 Johannes 5:14)

________________________________________

6. Watter lesse omtrent gebed het u uit die Evangelie van Johannes geleer?

*a.* Watter voorreg het elke Christen? (Johannes 16:24).

________________________________________

________________________________________

*b.* God se doel met die beantwoording van gebed is dat

__________________________ (Johannes 14:13)

*c.* Wat vereis God van ons voordat Hy aan ons versoeke kan voldoen? (Johannes 15:7) ________________

________________________________________

7. Wat moet ek doen as ek bid, sodat ek 'n antwoord kan kry? (Matthéüs 21:22) __________________________

8. 'n Paar spesifieke dinge waarvoor ek kan bid is:

*a.* Matthéüs 6:11 __________________________

*b.* Matthéüs 9:38 __________________________

*c.* Filippense 1:9 __________________________

*d.* 1 Timothéüs 2:1-2 ______________________

*e.* Jakobus 1:5 ______________________________

9. Wat kan my daarvan weerhou om in versoeking te kom? (Matthéus 26:41) ______________________________

______________________________________________

10. Die beste gebede is dié wat: (merk die korrekte antwoord)

_________ *a.* die regte godsdienstige woorde bevat.

_________ *b.* „klink" soos gebed.

_________ *c.* regstreeks uit die hart kom.

11. Wat beplan u vir u eie private tyd van gebed? _________

______________________________________________

______________________________________________

U het waarskynlik nooit besef hoe 'n groot voorreg u het om met die Lewende God te kan praat nie. Al die liefde en seëninge wat Hy teenoor u betoon het veroorsaak dat u op u beurt iets vir Hom wil doen, nie waar nie? Bestudeer dan die volgende les.

*Tot nou toe het julle niks in my naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.* (Johannes 16:24).



## OM MET GOD TE DEEL

*Bybelteks vir Memorisering:* I Korinthiërs 10:31

Naam: ______________________________________

As ek werklik in iets glo, ondersteun ek dit heelhartiglik. En, Here, ek glo nou werklik in U, soos nog nooit tevore nie! Daarom wil ek U dien en eer, en alles wat ek is en besit met U deel. Die Apostel Paulus druk dit so uit: „Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." (I Korinthiërs 10:31). In alles wat ek doen, groot of klein, wil ek vra „Verheerlik dit God?"

1. Volgens Matthéüs 22:36-40,

   *a.* Hoe moet ek God liefhê? ______________________

   *b.* Hoe moet ek my naaste liefhê? ______________________

2. Hoe kan ek uitdrukking gee aan my liefde vir God en andere? (I Johannes 5:2-3) ______________________

3. Wat het Johannes te sê gehad oor hierdie algehele oorgawe aan God en Sy saak?

   *a.* Wat moet met 'n koringkorrel gebeur sodat dit vrug kan dra? (Johannes 12:24-25) ______________________

   *b.* Wat sal ons Vader doen as ek Jesus dien pleks van my

eie ek? ______________________________

______________________________ (Johannes 12:26)

4. Noudat ek 'n Christen is, het ek 'n nuwe gesindheid in al my lewensverhoudinge, vanweë my nuwe verhouding tot God. As ek „in Christus is" het die ou dinge verbygegaan, en dit het alles ______________________________

______________________________ (2 Korinthiërs 5:17)

*a.* My nuwe houding teenoor dinge:

(1) Nou wil ek gee, hou (onderstreep die korrekte woord) (Lukas 6:38)

(2) Merk die 3 nuwe gesindhede teenoor sake genoem in Efesiërs 4:28:

____ *(a)* Steel nie meer nie

____ *(b)* Is 'n ywerige werker

____ *(c)* Alles vir myself hou

____ *(d)* Deel met die behoeftiges.

____ *(e)* Steel wanneer die geleentheid hom voordoen.

____ *(f)* Is lui .

*b.* My nuwe verhouding met andere:

(1) Ek moet ______________________________

______________ wees teenoor andere (Efesiërs 4:32)

(2) Ek moet bindende omgang met ongelowiges vermy/soek (onderstreep die korrekte woord), sodat ek geregtigheid ten volle kan dien. (2 Korinthiërs 6:14)

c. My nuwe verhouding tot myself:

(1) In die versorging, voorkoms, en gebruik van my liggaam, moet ek onthou dat dit die tempel van __________________________ is. (1 Korinthiërs 6:19)

(2) Ek behoort die tyd en geleenthede ________________ ________________________________ (Efesiërs 5:16).

5. Ek behoort _______________ lief te hê (1 Johannes 2: 10 ), nogtans moet ek nie ____________________________________ liefhê nie. (1 Johannes 2:15-16)

6. Waarom verwag God dat ons Hom moet verheerlik? (1 Korinthiërs 6:20) ________________________________ ________________________________________________________

7. Wat sal gebeur as God se koninkryk en Sy geregtigheid die eerste plek in my lewe kry? (Mattheüs 6:31-33)__________ ________________________________________________________


8. Wie ontvang uiteindelik die meeste as ons,in reaksie op God se liefde aan ons betoon, ons hele lewe met God deel? (Markus 10:28-30) ________________________________

9. Om waarlik alles met God te deel, sal ek van nou af ____ ________________________________________________________

Hierdie waarhede sal vir ons dien as wegwyser na die blye lewe van alles met God deel. Daar is 'n spesiale manier waarop ons God ook met ander kan deel. Ons doen dit deur van God te getuig, en die volgende studie handel daaroor.

*Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.* (1 Korinthiërs 10:31)

# 6



## OM VIR GOD TE GETUIG

*Bybelteks vir Memorisering:* Matthéüs 4:19

Naam: ________________________________________

Veronderstel u kom 'n ou vriend teë, wie se gesondheid die laaste keer toe u hom gesien het so sleg was, dat u nie verwag het om hom ooit weer lewendig te sien nie. Nou is hy blakend gesond. Hy vertel dat hy 'n dokter gevind het wat hom volkome genees het, maar hy wil nie die dokter se naam bekend maak nie. U sal sê dis onmoontlik. Daar is egter baie mense wat geestelik volkome genees is en tog weier om aan ander te vertel hoe hulle ook genees kan word. Om te getuig beteken om te vertel wat God vir u gedoen het.

1. Christus se genesing van die besetene van Gadara is gevolg deur 'n duidelike bevel. Watter ander woord het Jesus daar gebruik vir „getuig"? (Lukas 8:39) ____________________

   ________________________________________

   ________________________________________

2. Die Evangelie van Johannes leer ons baie omtrent getuienis lewer:

   a. Volgens Johannes 3:32 is 'n getuienis 'n vertelling van (merk met 'n kruisie)

      ________ (1) wat u as die waarheid geleer het.

      ________ (2) wat u van iemand anders gehoor het.

      ________ (3) wat u self gesien en gehoor het.

*b.* Wat was Andréas besig om te doen in Johannes 1:40-41?

______________________________________________

______________________________________________

*c.* Wat het Jesus gesê was God se belangrikste werk? (Johannes 6:29) ______________________________

______________________________________________

*d.* Watter werk dra Hy aan ons op in Johannes 15:16?

______________________________________________

3. Wat is die grootste ding wat al ooit met u gebeur het?

______________________________________________

______________________________________________

4. Wat is die grootste daad van welwillenheid wat ek teenoor 'n ander kan bewys? ______________________________

5. Wat beveel Jesus in Matthéüs 28:18-19 ons om te doen?

______________________________________________

6. In watter toestand verkeer hulle wat nie in Christus glo nie? (Johannes 3:18) ______________________________

7. As ek Jesus getrou volg sal Hy my (Matthéüs 4:19) ________

______________________________________________

8. Volgens 1 Petrus 3:15 moet ek altyd bereid wees om _____

______________________________________________

______________________________________________

9. Waar het Paulus mense ontmoet om die Woord van God aan hulle te verkondig? (Handelinge 17:17; 20:20) __________

______________________________________________

10. Hoekom moet ons getuienis rondom Jesus sentreer? (Johannes 14:6) ____________________

______________________________________

11. Wat moet ons boodskap wees, as getuies vir God aan hulle wat God nie ken nie?

Romeine 6:23– ____________________

______________________________________

Romeine 3:23– ____________________

Jesaja 53:6 „Ons almal het gedwaal soos skape . . . die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom".

Johannes 1:12– ____________________

______________________________________

12. Wat is ons verantwoordelikheid teenoor 'n persoon nadat hy Christus aangeneem het? (Handelinge 14:21-22) ____

______________________________________

13. 'n Doeltreffende getuienis sluit die volgende 3 punte in: (1) Die toestand waarin ek was voordat ek 'n Christen geword het, (2) Hoe ek Christus aangeneem het (3) Wat Christus nou vir my beteken. Skryf nou 'n kort getuienis

neer wat u vir 'n vriend sou kon vertel. ____________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

14. Skryf die name van die mense wat u ken, wat u weet Christus nodig het en teenoor wie u sal getuig as die geleentheid hom voordoen, neer. ________________

________________

________________

Alhoewel u bewus is van die feit dat u ander van Christus moet vertel, is u miskien bang om dit te doen. Waar gaan u die krag vandaan kry om ten spyte van u vrees te getuig? Die antwoord word in die volgende studie bespreek.

*Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak* (Mattheüs 4:19).

# 7



## GEVUL MET GOD SE GEES

*Bybelteks vir Memorisering:* Efesiërs 5:18

Naam: ______________________________

Hoeveel keer het Christene al gesê: „Ek wil meer vir God doen, maar ek het nie die krag daartoe nie"? Daar is slegs een antwoord op hierdie probleem – die Christen moet meer van God se krag deur Sy inwonende Gees hê. Dit is hoekom Paulus aan die Christene in sy tyd gesê het „Word met die Gees vervul" (Efesiërs 5:18).

1. Jesus het baie van sy tyd daaraan bestee om Sy dissipels aangaande die Heilige Gees te onderrig, en Johannes het heelwat van Sy leringe aangeteken.

   *a.* Wie, het Jesus gesê, sal aan ons 'n oorvloedige ondervinding met God gee (soos „strome van lewende water")? (Johannes 7:38-39) ______________________

   *b.* Wie sal ons onderrig? (Johannes 14:26) __________

   *c.* Van wie getuig die Heilige Gees? (Johannes 15:26)

   ______________________________

   *d.* Op watter oomblik in die Christen se lewe werk die Heilige Gees die eerste keer? (Johannes 3:5) ______

   ______________________________

2. Wanneer het die dissipels van Christus die nodige krag om te kan getuig, ontvang? (Handelinge 1:8) ____________________

____________________________________________

3. Buiten Paulus se bevel in Efesiërs 5:18 hoe weet ons nog dat Christene met die Heilige Gees vervul moet word? (Handelinge 9:17) ____________________

____________________________________________

4. Die dinge wat ons verhinder om 'n Geesvervulde lewe te lei, het in die kerk in Korinthe kop uitgesteek. Hulle het verkeerde gesindhede soos jaloesie en afguns geopenbaar, wat bewys het dat hulle nog ____________________

____________________ was. (1 Korinthiërs 3:1-3).

5. Wat is die werk, wat die Heilige Gees doen, wanneer Hy al die hindernisse uit die weg ruim en ons rein en heilig en toegewyd aan God maak? (1 Pet. 1:2) ____________________

____________________________________________

6. Wat het God met die onreinheid in die harte van die vroeë Christene gemaak toe Hy hulle met die Heilige Gees vervul het? (Handelinge 15:8-9) ____________________

7. Wat moet ons met sondige of onreine gesindhede doen? (2 Korinthiërs 7:1) ____________________

8. Hoe volledig wil God hê moet ons heiligmaking wees? (1 Thessalonicense 5:23) ____________________

____________________________________________

9. Want die wet ____________________ het my

vrygemaak van die wet van die sonde en die dood (Romeine 8:2).

10. Die verkeerde gesindheid van die Korinthiërs (1 Korinthiërs 3:1-3) het bewys dat hulle die vernaamste christelike karaktertrek nl. ____________________ nie het nie. (1 Korinthiërs 13:13)

11. Ek kan die liefde van God ontvang deur (Romeine 5:5) ____________________

12. Hoe moet my verhouding met God wees nadat ek met die Heilige Gees vervul is (Romeine 8:4) ____________________

Die christelike lewe wat met die Heilige Gees gevul is, is skoongemaak en besit krag. Hierdie lewe borrel oor en vloei uit na andere. Wil u graag met die Heilige Gees vervul wees? Hier volg vier maklike stappe:

*a.* Vra God om die Heilige Gees in Sy volheid aan u te gee (Lukas 11:13)

*b.* Gee u hele lewe aan God oor. (Romeine 13:1-2)

*c.* Erken u behoefte aan innerlike reiniging .(Handelinge 15:8-9)

*d.* Ontvang die Heilige Gees deur geloof (Handelinge 15:8-9. 1 Thessalonicense 5:23-24).

*Moenie dronk word van wyn nie, – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.*
(Efesiërs 5:18)

8



# OM EEN TE WEES IN CHRISTUS

*Bybelteks vir Memorisering:* Hebreërs 10:25.

Naam: ______________________________

Het u al agtergekom dat u nie net die Hemelse Vader gevind het toe U Jesus Christus aangeneem het nie, maar ook 'n hele nuwe familie? Elke ander ware Christen het u broer of suster geword. Hierdie familiebetrekking word die „kerk" genoem. Maak seker dat u baie liefde aan u geestelike familie betoon.

1. Die Bybel verwys op verskillende maniere na die volgelinge van Christus. Noem drie van die terme, soos in Handelinge 11:26 aangeteken.

   *(a)* ____________________

   *(b)* ____________________

   *(c)* ____________________

2. Aangesien ons as Christene moet saamwerk, word die Kerk soms ______________________________ genoem (1 Korinthiërs 12:27)

3. Wie is die Hoof van die Kerk? (Efesiërs 5:23)__________

4. Hoe belangrik is die Kerk vir Jesus Christus? (Efesiërs 5:25)

   ______________________________

5. In watter verhouding moet ek tot God staan om 'n deel van die gemeente te wees? (Efesiërs 5:24) ______________

______________________________

6. Waar het Paulus die Evangelie verkondig? (1 Korinthiërs 4:17) ______________________________

7. Watter lesse in verband met die Kerk leer die Evangelie van Johannes ons?

   *a.* Hoe sal die wêreld weet dat ek 'n deel van Sy kerk is? (Johannes 13:35) ______________________________

   ______________________________

   *b.* Wat is die leraar se verantwoordelikheid teenoor die kerk (Johannes 21:16) ______________________________

8. Hoe behoort ek 'n mede-Christen te behandel? (Galasiërs 6:2) ______________________________

______________________________

9. Met watter doel gee die Heilige Gees spesiale genadegawes aan sommige persone? (1 Korinthiërs 12:4-7) __________

______________________________

10. Party kerke is kragtig en liefdevol, en ander nie. Aan watter een van die volgende twee kerke sou u graag wou behoort?

    ____ *a.* Die kerk in Jerusalem (Handelinge 4:32-33)

    ____ *b.* Die kerk in Laodicense (Openbaring 3:14-17)

11. Wat leer die vroeë Christene ons met betrekking tot die leer

van die apostels, die breking van brood, gemeenskap en gebed? (Handelinge 2:42) ______________________

12. Wat moet ek doen om die Here te behaag? (Hebreërs 10:25) ______________________________

______________________________________________

13. 'n Paar redes waarom ek by 'n kerk moet aansluit is:

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Deur geloof het u met Jesus en, in 'n geestelike sin, met alle ander ware Christene een geword. Nou behoort u by 'n kerk aan te sluit. Hierdie gemeenskap is so belangrik, en die taak so groot, dat Christene op elke moontlike manier behoort te verenig. U sal aanhou met groei met behulp van u kerk en leraar. Veelsgeluk met die voltooiing van hierdie studies! Daar lê nog wonderliker dae voor in hierdie avontuur saam met God.

*..... en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien naderkom.* (Hebreërs 10:25)